



November 2001

November 2001

Redaksioneel

Dit is ongelooflik om te dink dat hierdie jaar ook daarmee heen is. Ek dink ons het in die Houtwerkvereniging 'n redelike goeie jaar agter die rug. Daar was verskeie hoogtepunte- dink maar self aan die verskillende aanbiedings deur die jaar, die besoek van Phil Irons en die uitstalling, wat weer eens 'n groot sukses was.

I hereby want to wish you all a very happy festive season. May we all enjoy a well-deserved rest and return safely to tackle the New Year with a lot of energy and enthusiasm. On behalf of all our members I want to thank the committee for all the hard work they have put in to ensure that we could enjoy the activities throughout the year. We realize that you had to spend a lot of your own time to arrange these activities. Although some of us may have criticized some aspects, we did it in good faith and in the end we just want to say thank you for all you have done for us.

Next Meeting

Our next meeting will be the end of year function, which will be held on Thursday 29 November from 17h00 onwards, at the CSIR Lapa. Hierdie was reeds by die uitstalling aan u almal gestel, dog ek herhaal maar weer sodat ons kan staatmaak op 'n goeie opkoms. (We have been there before so I am not going to supply a map- anybody requiring directions can call me- you may in any case use the entrance opposite "Die Boere- mark" in Meiring Naude road.) Hierdie byeenkoms is 'n Bring en Braai. Die komitee sal die vure verskaf. Daar sal ook n kontantkroeg beskikbaar wees. (Jy mag egter jou eie drinkgoed saambring en sodoende 'n paar sent spaar) Die gedagte is om die jaar gesellig saam af te sluit. Ons hoop om sommer 'n lekker groot opkoms te kry. Ons kan hierdie geleentheid seker ook gebruik om op 'n informele manier nabetragting oor die jaar te hou en sommer ook begin dink aan nuwe idees vir die komende jaar. Met die uitstalling nou net agter die rug is dit moontlik 'n goeie tyd om te kom met

jou idees oor hoe om die uitstalling in die toekoms meer suksesvol te maak. Ek glo die komitee moet bereid wees om die aand sulke voorstelle met individue te bespreek én dan sommer notas in die verband te neem sodat ons dit by die "lesse geleer" vir volgende jare kan insluit. Ondersteun asseblief hierdie poging. *Julle moet natuurlik nie vergeet om julle vrouens en kinders ook saam te bring nie!*

Vorige vergadering

Ons vorige vergadering het gegaan oor Aids and Gadgets. Soos in die verlede was daar weer heelwat interessante setmate en hulpmiddels wat ons lede gemaak, of laat maak het, of gekoop het. Dit is altyd lekker om te sien hoe mense probleme opgelos kry ten einde werk makliker of beter te kan doen.

Behalwe vir die aanbiedings, is die inskryf- en beoordelingsprosedure vir die uitstalling ook redelik volledig aan die vergadering voorgelê.

Draaigroep

Die vergadering wat ons by Sakkie Hattingh gehou het was toe sommer 'n gawe byeenkoms. Ek glo dat baie van ons sommer lekker jaloers was op die werksplek ens wat die man daar aanmekeer geslaan het. Dit is nou duidelik waarom Sakkie instaat is om sulke goeie werk te lewer- Dit help mos maar altyd om goeie gereedskap te gebruik.

As far as our meeting goes it can be said that we had a very good time with a nice selection of turned articles. Lou Coetser het 'n interessante, en met Derrick se hulp amusante, praatjie gelewer oor swamme wat bome doodmaak.

Volgens die items wat die aand saamgebring is was dit duidelik dat ons darem 'n goeie klompie inskrywings by die uitstalling sal kan bymekaar kry.

Our next meeting will be our end of year function that will be held on Saturday 1 December 2000, at about 16h00. This meeting would have been at Sakkie Hattingh's place, but through unforeseen circumstances we now have to move to At Smit's place. (Fortunately I now don't have to include a map again. Remember that the item to be turned is a Christmas decoration.

Ek het maar my tegniese probleme met rekenaars, drukkers en so aan Ek kon dus nie verlede maand al die foto's insluit wat ek graag wou nie. Intussen het ek dit reggekry om die goed in te trek dus wys ek maar die volgende foto van Phil Irons waar hy gewerk het Ek glo die van ons wat bygewoon het sal hierdie nog kan geniet.



Phil Irons riding the Wadkin, with Roger supervising

Die ontwerp en maak van stoele

Verlede maand het ek begin Theo se aanbieding by wyse van verskeie artikels aan te bied. Ek het egter sekere tegniese probleme ondervind met die afdruk van die tekeninge wat die artikels moet toelig. Ek het reeds die sakkie mat Theo bespreek en ek sal pogg om tog nog iets daaraan te doen. Julle moet net nie te gou te veel verwag nie.

HOUTAANBOD

Die volgende kennisgewing is oor die internet ontvang van 'n plek waar 'n mens hout kan aanskaf.

Cobus Verster : 0824442347 of 011 4779488

Voorradsore : Loperstraat 102, Kemptonpark.

Produkte: Dwars leers, Kiaat, Rhodesian Teak, Mahogany, Teak decking en Teak vloere, ander houtsoorte beskikbaar op aanvraag. Spesifieke behoftes kan op kort aanvraag hanteer word.

Die Uitstalling: Van 10 November 2001

Ons kan seker maar gerus begin om die komitee weer eens te bedank vir nog 'n geslaagde uitstalling. Almal vanons wat al ooit betrokke was by die organisering van 'n groterige geleentheid sal beseft dat hierdie goed nie vanself kom nie. Ons weet ook almal dat hoe meer daar te reël is, des te groter die kans dat daar so hier en daar 'n foutjie kan insluip. Saterdag se poging was weer eens sonder enige noemenswaardige probleme. Enige ongelukkigheid wat 'n lid moontlik wel ervaar het moet egter aangespreek word sodat ons in die vereniging aandag daaraan kan skenk. Moet tog nie nalaat om jou griewe bekend te maak nie. Doen dit ook op so 'n wyse dat dit nie aanleiding gee tot konfrontasie nie. Ek glo ons sal almal saamstem dat geen aksies deur enigiemand geneem is met die oog daarop om iemand persoonlik te na te kom nie. Dit is derhalwe baie nodig dat ons die min sakies wat wel gekrap het sal bespreek sodat dit reggestel kan word.

Die inskrywings

Weens die feit dat ons vooraf in redelike detail die inskryfprosedures bespreek het, het hierdie jaar se inskrywings en beoordeling, behalwe vir een of twee kleinere probleemplekke met die toekenning van punte ens, somer heel lekker verloop. Dit word geglo dat dit volgende jaar nog beter sal kan loop indien ons net hierop kan voortbou. Miskien moet julle wat ingeskryf het nou, terwyl die sakkie steeds vars in die geheue is, julle ervaring bespreek met die komitee en of met myself en Deon. Dit mag moontlik wees om verdere verfyning van die program te bewerkstellig.

Die hoeveelheid inskrywings wat ons gehad het was myns insiens heel voldoende, veral as in aanmerking geneem word dat ons vereniging maar uit sowat 86 ingeskrewe lede bestaan. (Ons moet miskien ernstig begin dink aan 'n poging om meer lede ingeskryf te kry en om ons lede te behou. Hierdie is nie slegs die komitee se werk nie. Ons moet uitbrei anders gaan ons nie voort bestaan nie. Dit is my seining.)

As the Chairman said in his closing address, the standard of workmanship displayed in the exhibits was very good indeed, However, as a judge in the furniture section, I can attest to the fact that a few basic errors came to the fore during the judging of the pieces on display. In speaking to some of the other judges, these tendencies apparently repeated themselves in the other categories as well. I will mention a few, and maybe some of the other judges may be able to expand on this list.

- Sandpaper seems to be in short supply in some workshops. Very good pieces do not qualify for excellent due to this shortcoming. This, one of the last steps in any woodworking project is what will, to a great extent, determine the success of a piece. We just have to resist the urge to finish a project sooner than we should.
- After the sandpaper comes the finish and this also needs careful consideration. Be cautious not to over do the finishing- it should complement the wood, rather than cover it up. Watch out for streaks, blemishes and missed pieces!
- Construction of parts, and the whole, should be sound. Drawers should be lower at the back to prevent binding with the contents. The inside of the carcass must be constructed of suitable wood/materials. The insides/undersides of pieces must be properly finished, cleaned and constructed- do not skimp here as this may make an excellent piece mediocre. (I think Vlooi van Rooyen will be annoyed if he sees the insides and construction of some drawers after his excellent lecture on the making of drawers. What is more, the committee must be discouraged to think that they try so hard to give us monthly meetings where the contents is aimed at improving our skills and we do not really implement the tips or knowledge put across)

For those members who entered and to whom I am flinging the above criticism: "Chaps, thank you for entering. Thank you for having your pieces criticized and exposed to all of us to see. This is the only way we will ever be able to improve the general standard

of woodworking and thus fulfill one of the aims of the association.

'n Paar Interessante Statistieke

- **Totale inskrywings:** 216 items.
- **Draaiitems:** 137.
- **Meublstukke:** 33.
- **Diverse items:** 43.
- **Speelgoed:** 3
- **Restourasie:** 0
- **Items nie beoordeel:** 135.
- **Draaiwerk beoordeel:** 39
- **Meubels beoordeel:** 22.
- **Diverse beoordeel:** 17.
- **Speelgoed beoordeel:** 3.

Sertifikate Oorhandig

- **Draai: Goud 2, Silwer 4 en Brons 12.**
- **Meubels: Goud 10, Silwer 9 en Brons 0.**
- **Diverse: Goud 3, Silwer 5 en Brons 5.**
- **Speelgoed: Silwer 1.**

Ons Wenners.

- **Daan Badenhorst Trofee:** A J Grove.
- **Meubels:** A J Grove-92%.
- **Draaiwerk:** H W de Wet-88%.
- **Diverse:** E Jacobs- 89%.

Picture gallery

I thought it might be appropriate to publish a few photos of some aspects of the exhibition. Derrick Griffiths kindly took the pictures.



The Daan Badenhorst Trophy- Winner, a stinkwood and yellowwood coffee table, with a fine hall stand to the left of it.



Jan v R van Oudtshoorn se bankie, met kleinere items in die agtergrond



'n Waardige wenner vir die draikategorie.



Nog 'n klompie van die inskrywings.



A kitchen isle that most women would not like to use as it may just be spoiled. The chopping block is a very good example of how wood should be finished!

Lys van Komitee en ander lede wat geskakel kan word met voorstelle/klagtes ens mbt die uitstalling ten einde verdere verbeterings in die toekoms te verseker.

**Ockert Swanepoel: 0825665815
Fanie le Hanie: 0824924098
Chris Serfontein: 346 - 4580
Carl van Rensburg : 0722387811
Theo van Wyk: 664 - 3072
Louw Trichardt: 653 - 1874**

A Merry Christmas and a Prosperous New Year to you all!